




Verskeie nuwe kultivars word teen mekaar opgeweeg in die ontwikkelingsfase op die Sensako-plaas op Napier, Wes-Kaap. FOTO'S: VERSKAF



Die werk wat in die graangehaltelaboratorium gedoen word, is van onskatbare waarde, nie net vir Sensako nie, maar vir ook vir produsente en die koringbedryf in sy geheel.

Tegnologie die gom wat alles saambind

Tegnologie en die noukeurige en sinvolle toepassing daarvan, is die basis waarop alle bedrywighede binne Sensako rus.

Alle navorsing, teling en ontwikkeling van nuwe koringkultivars is daarop gerig om gesertifiseerde saad wat die bedryf se gehaltevereistes oortref, na die mark te bring tot voordeel van die produsent en uiteindelik ook die verbruiker, sê mnr. Koby Lindeque, handelsdirekteur van die saadafdeling by Syngenta in Afrika suid van die Sahara.

SAMESMELTING

“Die Sensako-span is opgewonde oor die ontwikkelinge tussen Sensako en Syngenta.

“Diesamevoeging van Syngenta se wêreldwye ervaring met Sensako se kundigheid in Suid-Afrika beteken dat buitengewone produkte en innovasie aan produsente in Suid-Afrika gebied kan word,” aldus Lindeque.

Volgens hom sal die koringteelprogram grootliks baat vind by die direkte toegang wat Sensako nou het tot Syngenta se breë internasionale kiemplasmabank, die basiskoring-teelprogram en ander moderne tegnologieë.

Sensako se graangehaltelabora-

torium by Bethlehem, Vrystaat, is onontbeerlik in die koringnavorsing en -ontwikkelingsproses en hulle beoog om dit verder in 'n sentrum van uitnemendheid vir Syngenta in Europa, Afrika en die Midde-Ooste (EAME) te ontwikkel. In die laboratorium word alle kultivars getoets om seker te maak dat dit voldoen aan die graanbedryf se gehaltevereistes ten opsigte van maal-, reologiese (deeg-) en bakeienskappe.

OPBRENGSPOTENSIAAL

Benewens die genoemde eienskappe waaraan nuwe koringkultivars moet voldoen, konsentreer die maatskappy op opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en siekteverdraagsaamheid. In die teelprogram gebruik die maatskappy nuwe teeltechnieke, teelmateriaal, beter akkerboupraktieke en kyk ook na die geskiktheid van die kiemplasma in die toepassing van presisieboerderypraktieke.

Sensako se produkte word ontwikkel binne die beginsels van vooruitgang deur navorsing en alle nuwe produkte word

eers deeglik binne navorsings-, laboratorium- en veldtoestande getoets voordat dit op die mark geplaas word. In hierdie proewe word Sensako se produkte teen sy eie, ander maatskappye en die markleier in die segment getoets. Aangesien omgewingstoestande wissel van een jaar na 'n ander word meerjarige proewe gedoen om die kultivars se aanpassing en stabiliteit te bepaal.

WEERSTANDIGHEID

Dr. Francois Koekemoer, direkteur van navorsing by Sensako, sê tot 50 verskillende eienskappe van 'n kultivar word op verskeie vlakke in die seleksieproses getoets.

Sensako is in verbinding met instellings wêreldwyd om die nuutste weerstandsgene teen die heersende en verwagte aar-, wortel- en blaarsiektes van kleingraan te bekom wat in kruisingsblokke gebruik word.

Sensako is ingesluit by internasionale navorsingsprojekte saam met Cengen, die Landbounavorsingsraad en die Universiteit van Queensland in Australië waarin hulle onder meer probeer om genetiese weerstand teen *Fusa-*



Die Sensako-aanleg en navorsingsplaas op Bethlehem in die Vrystaat.

rium-kopvrot met behulp van molekulêre merkers te bepaal.

PAKKETTE

Sensako beveel altyd 'n kultivarpakket vir goeie risikoverspreiding aan. Drie nuwe koringkultivars met 'n hoë opbrengspotensiaal word binnekort op die mark beskikbaar gestel. Hoë-opbrengskultivars dra by tot die produsent se winsgewendheid, terwyl dit ook hydra tot verhoogde voedselproduksie. Hierdie kultivars is SST8175, SST8177 en die “volbloedrenperd” SST8205.

SST8175 is 'n mediumgroei-periodekultivar met 'n goeie opbrengspotensiaal wat in vroeë tot laat aanplantings geplant kan word. Sy semidwerg-eienskap bied goeie staanvermoë met goeie graan. SST8205 is ook 'n semi-dwergkultivar met 'n wye aanpasbaarheid, goeie staanvermoë en uitstekende graan. Dié kultivar toon verdraagsaamheid teen *Fusarium*-aarskroei. **LBW**

➤ NAVRAE: Vir meer inligting kontak Pieter Craven by **082 388 0299**. Gebruik dié hutsmerke op sosiale media: **#Sensako #SensakoEffect**